Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16
Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

24 Februarie 2019

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat
Leraar: Marcel Floor 0828285811
Admin: Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
webwerf: www.gksasolburg.co.za ;
Webblad:www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid: Tommy Bezuidenhout 0828866822
Geboue: PJ Gouws – 079 492 8404 **Koster**: Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor: Ma-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: BLOK D

Kollekte ONDER DIENS: Barmhartigheid
Kollekte by DEURE: Notekollekte: Kerkkas

WOORDBEDIENING

Skriflesing: Fil. 4:2-9 (83 AV)
Kernverse: Fil. 4:4-9 (83 AV)

Tema: Die geheim van 'n lewe vol vreugde en vrede... ten spyte van...

A: Riglyn een: Verbly jou te alle tye in die Here (v. 4)
Verbly... dui op iets waaraan jy aktief moet meewerk.
Jy moet voortdurend daaraan werk.
Die Here Self, en dit wat Hy deur Jesus gedoen het, is die diepste bron van jou blydskap!

B: Riglyn twee: Wees inskiklik teenoor alle mense (v. 5)
Konflik in verhoudings neem ons vreugde en vrede weg.
Een van die geheime om sulke konflik te voorkom, of later te hanteer en op te los, is om inskiklik te wees.
Wat beteken dit om inskiklik te wees?

C: Riglyn drie: Onthou die Here is naby (v. 5)
Die volgende kan ook ons vreugde en vrede wegneem:

- As dit voel of die Here vêr is.
- Of as ons leef asof die Here vêr is.
- Of as ons leef asof die koms van die Here vêr is.

Onthou: Die Here is naby!

D: Riglyn vier: Omskep kou bekommernisse in gebede (v. 6)
Ons het inderdaad baie bekommernisse.
Doen wat jy kan doen daaraan... maar maak dit ook aan God bekend.
Jy kan al jou bekommernisse aan Hom bekend maak.
Die verskil tussen bekend maak, en opdring of manupileer.
Deur gebed, smeking en danksegging.
Dan sal God se vrede wat alle verstand te bowe gaan wagstaan voor ons harte en gedagtes. (v. 7)

E: Riglyn vyf: Rig jou gedagtes op dit wat mooi is, en beplan dit. (v. 8)
Kyk mooi waarmee jy hou gedates voer.
GIGO – Garbage In = Garbage Out / Goodstuff In = Goodstuff Out.
Moenie net die goeie en positiewe bedink nie... maar beplan dit ook vir jou lewe

.

F: Riglyn ses: Gaan doen! (v. 9)
Party mense ken al die regte antwoorde... maar doen dit nooit.
Maak God se riglyne (o.a. hierdie 6 riglyne) 'n nuwe lewenswyse!
Belofte: En die God van vrede sal by julle wees (v. 9).

CASA MIA GASTEHUIS BIED SPESIALE HUISVESTING AAN VIR SENIOR BURGERS

Daar is 'n groot behoefte aan veilige en bekostigbare kwaliteit huisvesting vir senior burgers. Die teikengroep is selfstandige, gesonde en selfversorgende persone onder 70 jaar.